KLK LANDBOU BEPERK / LIMITED
Posbus / PO Box 86, Upington, 8800
Epos / e-mail: grandville@klk.co.za
054-337 6200

Registrasie / Registration: 1997/015589/06
Karakoelstraat 14 / Karakoel Street, Upington, 8801
Web: www.klk.co.za
086-540 7800

5 Augustus 2016

KLK LANDBOU BEPERK
("die maatskappy")

Geagte Aandeelhouer

By die Algemene Jaarvergadering van aandeelhouers gehou op 19 Julie 2016 is die spesiale besluit wat aangebied is om die direksie te magtig vir die terugkoop van KLK aandele vir periode van 1 jaar, goedgekeur. Die direksie is van mening dat die terugkoop van die maatskappy se eie aandele (tot maksimum van 5%) die volgende voordele inhou, naamlik:

- om die afhandeling van boedelaandele te versnel en verhandelbaarheid te verbeter
- waar die terugkoop alle aandeelhouers bevoordeel deurdat die aandele teen 'n diskonto teruggekoop word (laer as netto batewaarde)
- die opbrengs vir 'n KLK aandeel wesenlik beter is as die rente opbrengs wat KLK tans op kontant verdien
- 'n realistiese minimum verhandelingsprys vir 'n KLK aandeel bepaal word

Aandeelhouers wat hul aandele wil verkoop, word die geleentheid gebied om onverkoopte aandele wat nie gedurende die maand verhandel het, aan te bied vir terugkoop deur die maatskappy in die eerste week van die daaropvolgende maand. KLK sal die aandele terugkoop teen 75% van die netto batewaarde (NBW op 29 Februarie 2016), naamlik R11.53 (elf rand drie en vyftig sent) of R1 (een rand) minder as die laaste maand se gemiddelde verhandelingsprys, watter ook al die hoogste.

Die aandele terugkoopvorm is beskikbaar op KLK webtuiste www.klk.co.za onder aandele.

Aandele sal nie gedurende die geslote periodes teruggekoop word nie. Die direksie het die diskresie om die prosedure, verhandelingsprys en beleid voortdurend aan te pas en te wysig. Aandele so teruggekoop sal deur KLK self volgens wetlike vereistes gekanselleer word en tot die status van onuitgereikte aandele herstel word.

Indien (onwaarskynlik), 'n filiaal van die maatskappy, KLK aandele terugkoop, sal daardie aandele nie gekanselleer word nie, en geen stemreg vestig in daardie aandele wat so teruggekoop is nie.

Die terugkooptransaksies sal vanaf Augustus 2016 in werking tree.

KLK groete

.....
G Marquard
Maatskappysekretaris

DIREKTEURE / DIRECTORS :
JS Marais (Voorsitter/Chairman), JPN Stander (Vise-Voorsitter/Vice-Chairman), dr BP Botha (Alt. BP Botha), JM Bredenkamp, WSB du Toit, JAA Engelbrecht, A Human (Finansieel/Financial), AR Kotzé, GC Olivier, SD van Huyssteen (Besturend/Managing).

Maatskappysekretaris/Company Secretary: G Marquard.